**GRADE 5: Afrikaans Huistaal KWARTAAL 4**

**Naam en van: __________________________** **Totaal: 40**

**Datum: ______________________** **Tyd: $1\frac{1}{2}$**

**Instruksies**

1. Lees jou vrae deeglik.
2. Skryf netjies en leesbaar.
3. Sterkte met die vraestel.

---

**AFDELING A: Begripslees**

Lees die leesstuk en beantwoord die vrae volledig.

1 Die rivierkonyn (oewerkonyn) word slegs in die Karoo van Suid-Afrika aangetref. Ongelukkig is dit ons mees bedreigde soogdier. Hy loop gevaar om vir altyd te verdwyn.

2 Rivierkonyne woon langs riviere in die Karoo. Die grond daar laat hulle toe om gate te grawe. Rivierkonyne het gate nodig waarin hulle hul kleintjies kan grootmaak. Die kleintjies is baie klein wanneer hulle gebore word – net ’n bietjie groter as ’n vuurhoutjiedosie.

3 Sommige boere het die grond langs die riviere omgeploeg. So is die bosse en struike wat rivierkonyne nodig het, vernietig. Daar is al hoe minder plekke waar hierdie konyne kan woon en hul kleintjies kan grootmaak.

4 Die Suid-Afrikaanse Natuurlewevereniging probeer om die rivierkonyne te red. Party boere in die Karoo het ingestem om die konyne op hul plase te beskerm. Daar is ook ’n teelprogram by die De Wildt-natuurreservaat. Daar word die konyne in veiligheid geteel. Hulle beoog om hierdie konyne weer na die Karoo, waar hulle hoort,terug te neem.

Beantwoord die volgende vrae. Onthou om in volsinne te beantwoord indien nodig.

1.1. Omkring die regte antwoord:

1.1.1. Die rivierkonyn word slegs aangetref in die …

a. Transvaal
b. Kalahari
c. Karoo

1.1.2. Die rivierkonyn is nie ‘n bedreigde spesie nie.

a) Waar
b) Onwaar

1.1.3. Die woord bedreigde spesie beteken:

a) Die rivierkonyn het reeds uitgesterf.
b) Daar is nog baie rivierkonyne oor.
c) Die rivierkonyn kan moontlik uitsterf as ons hulle nie beskerm en bewaar nie.

1.1.4. Hoekom word Suid-Afrika met hoofletters geskryf?

a) Dit is die naam van ‘n provinsie.
b) Dit is die naam van ‘n straat.
c) Dit is die naam van ‘n land.
d) Dit staan aan die begin van ‘n sin.

1.1.5. Wat noem ‘n mens die strepie in die woord “De Wildt-natuurreservaat”?

a. Aanhalingsteken
b. Komma
c. Uitroepteken
d. Koppelteken

1.2. Verduidelik hoe die rivierkonyn sy naam gekry het. (1)

______________________________________________________________________

1.3. Hoekom woon rivierkonyne langs riviere? (2)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.4. Hoekom het konyne al minder plek waar hulle kan woon en waar hulle hul kleintjies kan grootmaak? (2)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.5. Wat doen die teelprogram by die De Wild-natuurreservaat om te probeer om konyne te red? (2)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.6. Geen ‘n antoniem vir die woord **gevaar**. ________________ (1)

1.7. Gee ‘n sinoniem vir die woord **verdwyn**. ________________ (1)

1.8. Skryf ‘n naam uit die eerste paragraaf wat ‘n sinoniem is vir rivierkonyn.

____________________________ (1)

1.9. Daar is verskeie leestekens gebruik in paragraaf 1. Soek die leestekens en voltooi die tabel deur die leesteken neer te skryf en dit te benoem. (6)

| Leesteken | Naam van leesteken |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |

1.10. Wat is die **afkorting** van Suid-Afrika? _________ (1)

1.11. Verdeel rivierkonyne in **lettergrepe**. ___________________________ (1)

1.12. Wat is die **verkleinwoord** van soogdier? _____________________ (1)

1.13. Skryf ‘n woord uit paragraaf 1 wat twee basisse het. _____________ (1)

**Totaal: ____/25**

---

**AFDELING B: Taalstrukture en Konvensies**

Beantwoord die volgende vrae. Onthou spelling tel!

1.1. Voltooi die volgende tabel oor **afkortings**. (4)

| **Woord** | **Afkorting** |
|---|---|
| d.w.s. | |
| | per persoon |
| n.C. | |
| | Sondag |

1.2. Skryf die onderwerp, voorwerp en gesegde van die volgende sin.

My ma sny die vrugte.

Onderwerp: ___________________________ (1)

Voorwerp: ___________________________ (1)

Gesegde: ___________________________ (1)

1.3. Verbind die volgende twee sinne deur die **voegwoord** in die hakkies te gebruik.

Ek is dors. Ek drink koeldrank. (daarom)

______________________________________________________________(1)

1.4. Benoem die volgende **voornaamwoorde**:

1.4.1. Hulle - ______________________________________ (1)

1.4.2. Myne - ______________________________________ (1)

1.4.3. Waarop - ______________________________________ (1)

1.5. Lees die volgende sin.

**'n Klop aand die deur**

1.5.1. Skryf 'n onbepaalde lidwoord neer uit die sin: ________ (1)

1.5.2. Skryf 'n bepaalde lidwoord neer uit die sin: ________ (1)

1.6. Rangskik die woorde in die blok hieronder in die tabel. ( 6 x $\frac{1}{2}$ **= 3)**

| | | |
|---|---|---|
| grassnyer | slaap | vriendelik |
| bevriend | grapkas | olifant |

| Basisvorm | Samestelling | Afleiding |
|---|---|---|
| | | |
| | | |

1.7. Skryf die volgende sin in die direkte rede: (1)

Die seun sê dat hy oor 2 dae verjaar.

______________________________________________________________________

**Totaal AFDELING B: __/15**

**Totaal vraestel (AFDELING A + AFDELING B): ___/40**